DE VETTE MOSSEL:

Aan die einde van 2004 het Niel du Bois en sy vrou Laurika, 'n baie lekker strand seekos restaurant tussen Groot Brakrivier en Tergniet begin op die sand langs die see met 'n pragtige uitsig oor Mosselbaai, op 'n terrein wat hy by die Munisipaliteit Mosselbaai gehuur het. Almal kon hulle eie drinkgoedjies saam bring en by tafels met bankies onder seilbedekte strukture sit, met die see se gedruis as agtergrond musiek. Saans het die ete seweuur begin met 'n welluidende toespraak deur Niel, om die prosedure vir die aand te verduidelik. In die middel was 'n groot vuur en langsaan is al die disse op oop kole in roosters en potte voorberei. Al die disse is in chronologiese volgorde bedien. Die slagspreuk was "Skop jou skoene uit en eet soveel as wat jy wil of kan !"

Die spyskaart het bestaan uit 'n "verraderlike potbrood" met botter. wat jou eetlus kon bederf, mossels in knoffelsous, snoek en patats, calamari, gemengde seevis potjie, gemengde slaai, engelvis, geelstert, lynvis van die dag, ensovoorts. Ten ekstra koste kon jy ook kreef eet ! Soos die geregte voorberei is, is dit gebring na opskep tafels waar elkeen dan kon skep waarvan hulle hou. "Die kos was nooit óp nie, dis net op pad !" Aan die einde van die ete is koeksisters en koffie bedien. Ons het meestal na ete nog lekker om die vuur gekuier.

Niel du Bois aan die woord

Johanna en Hantie Verwoerd

Johanna, Hantie, Ansonette, Christo en Colin

Laurika du Bois help met die inskep

Gemengde seekos potjie !

Lekker kuier by die vuur na ete

Ons het ook van ons gaste in ons gastehuis soontoe aanbeveel en ons het Niel en Laurika later goed leer ken. Ons het vele kere by hulle deur die jare by De Vette Mossel gekuier en hulle ook by ons aan huis.

Terug na Inhoudsopgawe